NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die **Handleiding vir Ringsprojekte** moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM**: Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

04.08

2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring:	**RING VAN CRADOCK**
Titel van Projek:	**VUKASEBENZE-SKUILING 2013**

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekleier
Naam:	**Me (oudl) Lena Bosch**
Posadres:	**Posbus 469, Stone Hill, CRADOCK 5880**
E-pos:	
Faks:	**048 881 3527**
Tel. (k):	
Tel (h):	**048 881 3527**
Selfoon:	**082 7524 348**

	18.10.2012
Handtekening Projekvoorsteller	Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende Ds Hansie Schutte in my hoedanigheid as skriba van die Ring van Cradock, dat hierdie projek op 10.09.2012 deur die Ring goedgekeur is.

	18.10.2012
Handtekening Voorsitter / Skriba	Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die Vukasebenze-Skuiling te Cradock is gebore tydens 'n armoedeseminaar van die Cradock-gemeentes van die Familie van NG Kerke en die plaaslike ACVV gedurende 2005. Die projek wil 'n postiewe verskil maak aan die ontsaglike armoedeprobleem in Cradock en omgewing. Tans word 'n warm middagete aan tot 100 persone per dag vanaf Maandag – Vrydag (dwarsdeur die jaar) voorsien, en vanaf Februarie vanjaar is hierdie diens ook tot Saterdae en Sondae uitgebrei (tot 100 persone maak tans oor naweekdae van hierdie diens gebruik). Klere word teen minimale koste beskikbaar gestel, werkloses word hand- en ander vaardighede aangeleer (sweiswerk, houtwerk, breiwerk, naaldwerk, bakwerk, handwerk, basiese rekenaargeletterdheid), en straat- en weeskinders word versorg en begelei. Lidmate en ander lede uit die gemeenskap word betrokke gemaak by die nood van die armes dmv die aanbied van klein kursusse, die voorberei van voedsel (kos oor naweke word uitsluitlik deur wyke en groepe uit die plaaslike gemeentes voorsien), en die skenk van die broodnodige finansies. Werkoloses uit die gemeenskap word teen 'n klein vergoeding in diens geneem. Oornagskuiling (24 beddens) word op tydelike basis aan haweloses voorsien. Dienste in en aan die gemeenskap word oor 'n wye front gelewer – so word inkomste gegenereer

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 5 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Die bruikleenooreenkoms met die eienaars van die geboue waarin die Skuiling tans gehuisves word is tot 2015 verleng. Die Beheerkomitee wend alle moontlike pogings aan om mettertyd 'n eie lokaal te bekom.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
'n Beheerliggaam, bestaande uit verteenwoordigers uit die 5 NGK-Familie-gemeentes asook ander kerke in die gemeenskap bestuur die Skuiling en sy werksaamhede	
Tydens die Oktober-vergadering word die werksaamhede vir die volgende jaar beplan, en tydens die April-vergadering word die finansiële state nagegaan	
Die van-dag-tot-dag-bestuur van die Skuiling word behartig deur die Skuilingbestuurder wat tydens hul maandelikse vergadering aan die lede van die Dagbestuur rapporteer	

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
Die huidige Dagbestuur bestaan uit 7 lidmate van die NG Cradock-gemeentes, 1 uit die Family Church en 1 uit die Kongregasionaliste-gemeente	

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	**Hoeveelheid**
Die toerusting in die skuiling is óf aangekoop, óf geskenk, óf deur goedgesindes op bruikleen beskikbaar gestel	

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Beskik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	**Bedrag**
Die Skuiling genereer uit sy projekte en verkope tans in die omgewing van R 15,000 per maand	**R 180,000**
Donasies uit die gemeenskap / gemeentes	**R 40,000**
TOTAAL:	**R 220,000**

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	**Bedrag**
• Reiskoste	
• Verblyfkoste	
• Rekenaaruitgawes	
• Skryfbehoeftes	
• Drukwerk	
• Telefoon	**R 6,000**
• Posgeld	
• Verversings	
• ANDER (spesifiseer asb): Water / ligte	**R 36,000**
Aankope	**R 60,000**
Salarisse / honoraria	**R 100,000**
Diverse	**R 38,000**
TOTAAL:	**R 240,000**

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 7.5.2 hierbo):	**R 240,000**
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (7.5.1 hierbo):	**R 220,000**
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	**R 9,000**

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	**Bedrag**
1 Maart 2013	**R 9,000**

8.5.5 HOE en AAN WIE moet die uitbetalings gemaak word?

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

R 9,000 elektroniese oorbetaling aan : *Ringsfonds Cradock* (Ds Japie Taljaard – ringskriba – NG Kerk Colesberg)

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Baie dankie vir die Sinodale Kommissie se goedgunstige oorweging – alle hulp tot hiertoe en in die toekoms word baie opreg waardeer

Nota:
Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf